

16 November

Skrifgedeelte: 2 Petrus 1:12-21
Fokusgedeelte: 2 Petrus 1:19-21

My lamp in 'n donker wêreld

Petrus het iets van 'n bekommernis. Hy weet dat sy dood nie meer ver is nie (vs 14), maar hy wil so graag nog baie geleenthede hê om te kan preek. Hy praat in vers 12 maar net van “hierdie dinge” waaraan hy sy lesers wil herinner. Die preek van jou dominee die komende Sondag hoef nie altyd oor splinternuwe dinge te gaan nie. Petrus sê dat sy gehoor dit reeds ken, maar hy wil dit weer en weer bekend maak dat hulle dit altyd sal onthou en dat die preek hulle sal aanspoor om te glo en te doen. En let op dat Petrus nie van die prediking praat as 'n belewing nie, maar dat dit waarheid en kennis is waarin jy kan vasstaan en dit vir altyd kan onthou. 'n Belewing is net vir 'n tydjie, vir 'n oomblik.

Wat is die “hierdie dinge”? Dit verwys na alles wat Petrus in vers 1-11 met hulle bespreek het, naamlik: die rykdomme wat hulle van God ontvang het; hoe belangrik dit is om Jesus te ken en in jou verhouding met Hom te groei en die vrye en feestelike toegang tot die koninkryk van Jesus Christus. In vers 16 vat hy dit saam deur te praat van die krag van ons Here Jesus Christus en sy wederkoms. Dalk kan iemand vra: Petrus, hoe weet ons dat jou boodskap waarheid is? Ook vandag vra hulle: Hoe weet ons dat die Bybel gesag het?

Hy noem vier belangrike dinge. Die eerste is dat hy en die ander dissipels ooggetuies was. Met ons eie oë het ons Jesus se Goddelikheid gesien (vs 16). Tweedens: Met ons eie ore het ons die stem van God die Vader gehoor wat duidelik gesê het dat Hy sy Seun is. In die derde plek: Leef volgens hierdie boodskap en waarhede, en jy sal dit ervaar dat dit soos 'n lamp in 'n donker wêreld vir jou duidelike rigting wys (vs 19). En vierdens: Die ontstaan van die Bybel is nie vanuit die mens nie. Nee, God die Heilige Gees het mense gebruik om dit te skryf. Daarom lees jou Bybel, luister na die prediking, want dit is nie melkkossies en stories nie, maar pitkos en waarheid.

Sing: Psalm 119:39 (1936)

Dr SJ van der Walt (Bloemfontein-Suid)